



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

BCom Regte (07130151)

Duur van studie 3 jaar

Totale krediete 429

Kontak Prof H Coetzee hermie.coetzee@up.ac.za +27 (0)124204375

Programinligting

Die pakket in regte is gerig op 'n breë formatiewe opleiding, maar lei nie spesifiek tot enige beroepsuitkoms nie. Die student word egter in 'n posisie gestel om met die LLB-grad voort te gaan wat beroepspesifiek gerig is, of met 'n BComHons. Die verworwe vaardighede kan in sowel die privaat as die openbare sektor aangewend word.

Toelatingsvereistes

- Ten einde te kan registreer moet NSS/IEB/Cambridge-kandidate voldoen aan die minimum vereistes vir graadstudie asook aan die minimum vereistes van die betrokke studieprogram.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.

Minimum vereistes vir 2016								
Prestasievlak								TPT
Afrikaans of Engels				Wiskunde				
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	5	3	C	C	32

Addisionele vereistes

- Algemene Regulasies G.1 tot G.15 (met uitsondering van Regulasie G.11.2(c)) is van toepassing op 'n baccalaureusgraad.
- Tensy die Dekaan anders besluit, mag 'n student nie meer as die voorgeskrewe getal modules per semester volg nie.
- 'n Ander module as dié wat onder keusemodules vermeld is, mag slegs met die toestemming van die Dekaan geneem word.
- 'n Student wat reeds in besit van 'n baccalaureusgraad is, mag nie modules wat vir dié graad geslaag is, weer vir 'n ander rigting of graad in hierdie Fakulteit aanbied nie. (Raadpleeg Algemene Regulasies G.8 en G.9.)
- 'n Module wat op 300-vlak geslaag is, sal slegs as kwalifiserende module vir die graad erken word indien die ooreenstemmende voorgeskrewe module(s) op 200-vlak ook reeds geslaag is, tensy die Dekaan anders besluit, met dien verstande dat die volgende modules, wat slegs op 300-vlak aangebied word, ook as



kwalifiserende modules geld: Arbeidsreg 311 (ABR 311), Arbeidsverhoudinge 320 (ABV 320), en Internasionale sakebestuur 359 en 369 (OBS 359 en 369). Slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlakke modules voorafgegaan word nie, as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem mag word. Met ander woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300-vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).

- f. 'n Module wat reeds geslaag is, mag slegs met die toestemming van die Dekaan herhaal word.
- g. 'n Module wat reeds geslaag is, mag nie vir meer as een graad of spesialisingsrigting in aanmerking geneem word nie.
- h. Die onus rus op studente om voor registrasie seker te maak dat hul modules nie op die klas-, toets- en eksamenrooster bots nie.
- i. Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ondersteun uitkoms-gebaseerde onderwys en plaas 'n hoë premie op die ontwikkeling van spesifieke akademiese vaardighede. Klasbywoning in al die modules en vir die volle duur van die program is daarom verpligtend vir alle studente.
- j. Die Dekaan het 'n beslissingsbevoegdheid ten opsigte van aangeleenthede waar-voor nie in die Algemene of Fakulteitsregulasies voorsiening gemaak word nie.

Ander programspesifieke inligting

Slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlak-modules voorafgegaan word nie, mag as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem word. Met ander woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300-vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).

Ter kennisname: BCom (Regte)-studente wat van voorneme is om die LLB-graad te behaal, moet daarop let dat een van die vereistes vir die LLB-graad minstens 12 krediete uit die volgende lys van taalmodules is: AFR 110, AFR 120, AFR 114, ENG 118, ENG 110, ENG 120.

Dit word aanbeveel dat BCom (Regte)-studente Ondernemingsbestuur met Ekonomie as hoofvakke kombineer; Finansiële rekeningkunde met Finansiële bestuur of alternatiewelik Finansiële rekeningkunde met Belasting.

Let wel: Raadpleeg die alfabetiese lys van modules vir die voorvereistes van alle modules.

FRK 122 is 'n eindmodule. Indien FRK 122 gekies word, sal 'n kandidaat nie met Finansiële rekeningkunde op 200- en 300-vlak kan voortgaan nie. Let ook daarop dat FRK 121 'n voorvereiste vir 'n aantal ander modules mag wees (bv FBS 210 en 220) en dit is die verantwoordelikheid van die kandidaat om te verseker dat hy/sy die toepaslike keuse tussen FRK 121 en 122 maak.

BCom (Regte)-studente sal slegs toegelaat word om Finansiële bestuur 210, 220, 310 en 320 (FBS 210, 220, 310 en 320) te neem indien Finansiële rekeningkunde op 200- en 300-vlak ook geneem word.

(1) OBS 124 moet as ekstra module geneem word indien OBS as hoofvak op 300-vlak geneem word.

(2) Informatika 281 (INF 281 – 3 addisionele krediete) is 'n verpligte module indien Finansiële rekeningkunde 311, 321 (FRK 311, 321) gekies word.

(3) Dit word aanbeveel dat studente wat Belasting neem, ook FRK 211, 221 neem.

Let wel: Studente wat beoog om 'n LLB-graad na afloop van die BCom-graad in die Regte te volg, word aangeraai om met die Studenteadministrasie van die Fakulteit Regsgeleerdheid in verbinding te tree vir advies

oor welke addisionele modules reeds gedurende hulle voorgraadse studie gevolg kan word. Let egter daarop dat goedkeuring om ekstra modules te mag volg steeds by die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe berus.

BCom (Regte)-studente wat vir addisionele regsmodules wil registreer, doen dit in terme van die Fakulteit Regsgeleerdheid se jaarboek van die akademiese jaar waarin hulle vir die eerste keer geregistreer het.

Hoofvak

Ten einde as "hoofvak" te kwalifiseer moet minstens die ekwivalent van vier 14- week-modules van 'n vak, insluitende twee op 300-vlak, geslaag word, met dien verstande dat die volgende modules, wat slegs op 300-vlak aangebied word, ook as "hoofvakke" geld:

- Arbeidsreg 311 (ABR 311), Arbeidsverhoudinge 320 (ABV 320) en Internasionale sakebestuur 359 en 369 (OBS 359 en 369);
- en dat slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlakke modules voorafgegaan word nie, as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem mag word. Met ander woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300 vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).

Oorgangsmatreëls

OORGANGSMATREËLS vanaf 2015

Hierdie oorgangsmatreëls is van toepassing op studente wat reeds voor 2013 vir die BCom (Regte)-graad geregistreer het.

Studente wat voor 2013 vir die BCom (Regte)-graad geregistreer het, sal toegelaat word om vir die verpligte regsmodules soos uiteengesit in die betrokke (pre-2013) jaarboek te registreer. Jaarboeke is op die web beskikbaar by: <http://web.up.ac.za> (Nuwe Studente).

Moontlike aanbieding van somer-/winterskole afhangende van die beskikbaarheid van dosente en beskikbare fondse:

FAMILIEREG

Module uitstaande	
FMR 110	Kontak Studenteadministrasie, Fakulteit Regsgeleerdheid
FMR 120	Kontak Studenteadministrasie, Fakulteit Regsgeleerdheid

INLEIDING TOT DIE REG



Module uitstaande	
IDR 110	Kontak Studenteadministrasie, Fakulteit Regsgeleerdheid
IDR 120	Kontak Studenteadministrasie, Fakulteit Regsgeleerdheid

REGSVAARDIGHEDE

Module uitstaande	
RVD 110	Kontak Studenteadministrasie, Fakulteit Regsgeleerdheid
RVD 120	Kontak Studenteadministrasie, Fakulteit Regsgeleerdheid

- Volledige besonderhede ten opsigte van die oorgangsmatreëls sal in die studie-handleidings/-gidse van die betrokke modules gepubliseer word. In terme van die Fakulteit Regsgeleerdheid se beleid ten opsigte van die Somer-/Winterskool, mag 'n student vir 'n maksimum van twee modules per Somer-/Winterskool registreer.
- BCom (Regte)-studente sal ook toegelaat word om vir die somer-/winterskole in HVR 110, HVR 120, SRG 210, SRG 220 en MRT 220 te registreer selfs al was hulle nie vantevore vir die modules geregistreer nie. Eerstejaar-BCom (Regte)-studente wat minder as vier (4) kernsemestermodule of twee (2) kernjaarmodules in 2013 slaag en nie akademies uitgesluit word nie, sal vir die nuwe kurrikulum vanaf 2013 geregistreer word. Dieselfde sal mutatis mutandis geld vir tweede- en derdejaarstudente in 2015 en verder (Algemene Regulasie G.5.2.c saamgelees met paragraaf 6(b) van die 2013 Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe se jaarboek). Herhalers wat 'n relevante eerstejaar-regsmodule weer in 2013 gedruip het, moet vir die betrokke module soos in die tabel hierbo uiteengesit registreer, maar daar sal van hulle verwag word om die inhoud van die module te voltooi soos in die 2015-jaarboek uiteengesit. Herhalers wat 'n relevante tweedejaar- of derdejaar-regsmodule weer in 2015 druipe, moet vir die betrokke module registreer, maar daar sal van hulle verwag word om die inhoud van die module te voltooi soos in die 2015-jaarboek uiteengesit. Die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid het die diskresie om 'n billike en praktiese beslissing te fel waar 'n onverwagte situasie in die toepassing van die oorgangsmatreëls ontstaan, of waar 'n spesifieke probleem nie uitdruklik uiteengesit is in die oorgangsmatreëls nie.

Bevordering tot volgende studiejaar

Volgens Algemene Regulasie G.3 word spesifieke bevorderingsvoorwaardes gestel deur fakulteitsrade waaraan studente van die fakulteit moet voldoen.

- a. 'n Student moet in ten minste 4 kernsemestermodule of 2 kern-jaarmodules slaag om tot die volgende akademiese jaar toegelaat te word.
- b. 'n Student wat minder as 4 kernsemestermodule of 2 kernjaarmodules geslaag het, word nie tot die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe hertoegelaat nie. Sodanige student wie se reg op hertoelating verval het, mag skriftelik by die Fakulteit se Toelatingskomitee aansoek doen om voorwaardelike hertoelating tot die Fakulteit - met die voorbehoud dat die Toelatingskomitee verdere voorwaardes ten opsigte van studente se vordering mag stel. 'n Student se aansoek om voorwaardelike hertoelating mag geweier word.
- c. 'n Student wat voorwaardelik tot die Fakulteit hertoegelaat word, se studies sal na die eerste



semestereksamen nagegaan word om vas te stel of hy/sy aan die gestelde voorwaardes voldoen het. Indien daar nie aan die voorwaardes voldoen is nie, sal sodanige student se studies opgeskort word.

- d. 'n Student wie se studies weens swak akademiese prestasie opgeskort word, het die reg om teen die besluit van die Fakulteit se Toelatingskomitee te appelleer.
- e. 'n Student kan bevordering tot 'n volgende studiejaar of in 'n module geweier word indien die vasgestelde klasgeld soos voorgeskryf, nie betaal is nie.
- f. 'n Student kan toelating tot die eksamen of bevordering tot 'n volgende studiejaar of in 'n module geweier word indien hy/sy nie aan die bywonings-vereistes voldoen het nie. Klasbywoning in alle modules en vir die volle duur van die program is verpligtend vir alle studente.

Slaag met lof

- a. 'n Graad kan met lof toegeken word mits die kandidaat aan die volgende vereistes voldoen:
 - i. Die graad moet binne drie jaar voltooi word;
 - ii. 'n Geweegde gemiddelde (GPA) van 75% moet behaal word;
 - iii. Modules wat reeds geslaag is en herhaal word, se nuwe punt sal nie in berekening gebring word nie. Die oorspronklike slaagpunt van die module sal gebruik word vir die berekening van die GPA.
- b. Oorskakelaars van ander fakulteite en ander universiteite (insluitend krediete wat oorgedra word en erken word vanaf die graad waarvoor oorspronklik geregistreer was), sal as buitengewone gevalle deur die dekaan oorweeg word.
- c. Die GPA sal nie gerond word tot die naaste volgende heelgetal nie.
- d. Buitengewone gevalle sal deur die dekaan oorweeg word.

Algemene inligting

Minimumvereistes vir baccalaureusgrade; semester- en jaarmodules; nuwe regulasies

1. Studente wat voor 2015 met hul studies begin het, moet die program voltooi ooreenkomstig die bepalinge van die leergang van die jaar waarin hulle studies 'n aanvang geneem het, of ooreenkomstig die leergang van die jaar waarin hulle na hul huidige spesialiteitsrigting oorgeskakel het. Studente wat dit verkies, mag egter aansoek doen om oor te skakel na die jongste leergang, maar dan moet hulle voldoen aan al die vereistes daarvan. Hulle mag ook nie weer terugskakel na die regulasies van 'n vorige jaar nie.
2. Studente wat in 2015 vir die eerste keer vir 'n graadprogram registreer, moet die modules volg wat in die betrokke spesialisingsrigting aangedui word.

Let wel: Slegs twee 14-week modules, of die ekwivalent daarvan, wat nie deur 100- en 200-vlakke modules voorafgegaan word nie, mag as kwalifiserende modules vir graaddoeleindes geneem word. Met ander woorde, ten minste vier 14-week-modules wat voorafgegaan word deur die 100- en 200-vlak moet op 300-vlak geneem word (behalwe in die geval waar die modules slegs vanaf 200-vlak aangebied word).

Die onus rus dus ten volle op studente om vóór registrasie seker te maak dat hulle leergange aan al die vereistes van die toepaslike regulasies voldoen.



Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.